RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT
Aucklandpark Johannesburg
Republiek van Suid - Afrika
Posbus 524
Johannesburg 2000

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT
Telegramadres Rauniv
Teleks 424526 SA
Telefoon (011) 489 2911
Faks (011) 489 2191

DEPARTEMENT AFRIKAANS

DATUM: 1991/10/08

Prof. W.D. Jonker
Dekaan: Fakulteit Teologie
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
7600

Beste prof. Jonker

Ek skryf vanoggend aan u nie "uit gewoonte of bygelowigheid" nie, maar omdat ek werklik die behoefte voel om u eerstens te bedank dat u bereid was om ons prestige Raadslesing in die mondigwordingsjaar daarvan te kom aanbied, en tweedens ook om u geluk te wens met die besondere wyse waarop u dit gedoen het.

Sedert die lesing het ek die meeste oproepe nog van toehoorders ontvang wat hul gelukwense uitgespreek het met die keuse van 'n spreker. Dit is verder ook opvallend dat almal melding gemaak het van die aansteeklike entoesiasme waarmee u die lesing aangebied het, en wat daarvoor gesorg het dat die gehoor meegevoer is deur u. Ook mev. Truida Louw se aanwesigheid (na 'n hele aantal jare se afwesigheid) spreek nie alleen van agting vir u nie, maar sy het weer genoem dat dit beslis volgens haar die beste lesing is wat sy nog bygewoon het.

Ek noem hierdie dinge omdat 'n mens weet hoeveel werk daar in so 'n lesing ingaan. Dit is net billik teenoor die spreker dat die waardering ook aan hom oorgedra sal word.

Ons is besig om te kyk na die afgelope aantal jare se lesings met die oog op die publikasie van 'n verdere versameling Van Wyk Louw-lesings. Ons sal u daaroor op die hoogte hou, en ook te gelegener tyd wel kans gee om hersiening te doen (indien u dit nodig sou ag). Die probleem is op die oomblik nog dat ons op 'n uitgewer moet besluit, of eintlik anders gestel: dat ons 'n gewillige een moet vind.

Nogmaals ons hartlikste dank, en baie groete aan mevrou.

Vriendelike groete

Johan Johl

PROF. J.H. JOHL